

Saterdag 14 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 2:17-20

Fokusgedeelte: Lukas 2:20

Verkondig, verwonder, verander, verhoog!

Die skaapwagters vind presies wat aan hulle geëwangeliseer is: Josef, Maria en die Kindjie in die krip. Dit is die waarheid!

Met eens kan hulle dit nie inhou nie – ten spyte van hulle lae status, ten spyte daarvan dat hulle moontlik bespotlik gemaak kan word, bring hulle oral hierdie woord: Die Verlosser, die Messias, is gebore in Betlehem. Hy is die Een gestuur ter wille van sondige mense om God met mense te versoen. Só oortuig van die waarheid dat hulle dit uitbasuin, dat die verkondiging nie gestuit kan word nie.

Natuurlik is almal wat dit hoor, diep verwonder daaroor, dit klink te goed om waar te wees: die volkstelling, die hemelse boodskappers, die Kind in die krip wat in 'n stal, van alle plekke, gebore is. Ja, dat God mens sou word – dit laat 'n mens verwonderd staan oor die almag en soewereiniteit van God.

Maar verwondering op sigself is nie goed genoeg nie. Dit moet na iets anders, iets beters lei, dit moet 'n mens se hart verander – soos by Maria die geval is. Sy oordink die woorde, sy bewaar hierdie waarheid in haar hart, waarskynlik haar hele lewenspad tot op hierdie punt: die besoek aan Josef, die heilige ontvangenis, die skaapwagters se woorde oor die engele. Wat 'n ingrypende gedagte: sy aanbid die Een aan wie sy geboorte gegee het.

Tog is die verandering waaroor Lukas berig, nêrens duideliker as in die lewens van die herders nie. Hulle verhoog die Naam van die Here met woorde van lof en prys.

So werk die verkondiging van die evangelie verwondering in die harte van mense wat dit dan verander, tot eer van die Naam van die Here. Laat ons dan met lof en prys sy Naam verhoog!

Sing: Psalm 135-1:1, 2, 8

Ds. J-L Lee (Jan-Louis) (Brits)